


# ST. DOMITIANUS VAN MAASTRICHT

7 MEI

(sterf c.560)



Hy was 'n tydgenoot van die Merowingiese koning Childebert I. In daardie tyd was die ou Romeinse koloniale stad en biskopsetel, Tongeren, grotendeels in puin. Domitianus staan bekend as die Apostel van die Maasland en dit wil voorkom asof hy as biskop sy setel in Maastricht gehad het, maar as biskop van Tongeren erken is. Ons weet dat hy in 535 die Konsilie van Clermont en in 549 die 5de Konsilie van Orleans bygewoon het. Blykbaar het hy gereeld na Tongeren gereis om by die graf van sy voorganger, die heilige Servatius, te bid. Hy was alombekend vir sy goedheid en voorliefde vir die armes. Dit is danksy hom dat die landelike bevolking van die Maasvallei gekersten is. Hy het oral kerke, asook siekehuse en weeshuse gebou. Hy sterf by Hoei (en word daarom dikwels Domitianus van Hoei genoem). Hy is daar in die Onse-Liewe-Vrou-kerk begrawe.